

# Die Christelike Vrou

Leéf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



April 2021

## Jy maak saak

**Die afgelope week sien ek op 'n (Amerikaanse) webblad allerhande produkte, geskenkies en toebehore vir honde en ander troeteldiere. Die een wat my aandag getrek het, was 'n Amerikaanse vlaggie wat 'n mens in jou tuin kan sit. (Natuurlik sou ek eerder 'n Suid-Afrikaanse vlag wil hê!) In die plek van die sterretjies van die Amerikaanse vlag het die volgende gestaan: #DogLivesMatter.**

Dié woorde is natuurlik na aanleiding van die verskillende klemtone wat ontstaan het nadat die #BlackLivesMatter-beweging posgevat het. Na die aanvanklike #BlackLivesMatter het #WhiteLivesMatter gevolg, en daarna #AllLivesMatter.

Dit is hartseer dat groepe mense (en diere!) so moet smek om erkenning en beskerming. Dit is tog seker veronderstel om so te wees dat ons mekaar na waarde ag?

Hiermee saam kan 'n mens seker die versugting lees dat daar vrede op aarde sal wees en dat oorlog, stryd en nyd sal ophou. Omdat ons sondaarmense is, is hierdie egter probleme wat ons seker maar hier op aarde sal moet hanteer.

Ons het pas Paasfees gevier. Die hele evangelie – die hele goeienuusverhaal – bevestig die feit van #AllLivesMatter: Die lewe van die misdadiger aan die kruis langs Jesus, die lewe van die kindertjies wat eers deur die dissipels weggewys is, die lewe van die melaatses wat deur Jesus gesond gemaak is, die lewe van die dromkrapper op straat, die lewe van die politikus met 'n ander ideologie as myne, die lewe van my kluisenaar-buurman wat homself dooddrink, die lewe van die baba wat in die asblik gevind word, die lewe van die bendelid wat doodgesteek word, die lewe van die bejaarde boer wat vermink word deur indringers, my en jou lewe – almal maak saak. Jesus het vir 'n ieder en 'n elk aan daardie kruis gehang. Of ons dit nou wil weet of nie, Jesus het ook vir hulle wat anders is en dink as ek, gesterf en opgestaan.

#AllLivesMatter


Hannelie



GROEN







**Dit is skrikwekkend om te besef en te sien hoe hierdie pragtige blou planeet van ons siek geword het en moontlik besig is om dood te gaan.**

Ja, ek weet dit klink dalk nou vreeslik dramaties, maar ek meen dit is die reine waarheid dat die aarde in 2021 beslis nie meer so gesond is as wat dit was toe God dit aan die begin geskep het nie. Al het Hy gesê ons moet vermeerder en die aarde bewoon en bewerk, is ek 100% seker Hy het nie bedoel ons moet so baie word dat daar mense is wat letterlik soos sardientjies in 'n blik moet bly nie. Ek is ook 100% seker dat Hy nie bedoel het ons moet só vooruitgaan dat ons die aarde versmoor met al ons uitvindings en onuitputlike aptyt vir méér dit en méér dat nie.

Gelukkig is daar mense wat hierdie situasie probeer verander deur aktief dinge te doen (soos herwinning) om ontslae te raak van daardie uitvindings (soos plastiek) wat skade doen. Daar is ook diegene (seker maar 'n minderheid) wat die probleem pak deur selfs vroeër te begin – deur byvoorbeeld glad nie plastiek te gebruik nie of op ander maniere 'n kleiner koolstofvoetspoor te trap.

Daar is baie maniere om 'n verskil te maak. Sommige daarvan sal jou **geld spaar**, ander sal jou selfs van 'n goeie **inkomste voorsien**, terwyl nog ander gewoon gaan oor die **welsyn van die skepping**.

**Om geld (en die skepping) te spaar**, gebruik al hoe meer mense wat dit kan bekostig, deesdae son- of windkrag om elektrisiteit op te wek. Ongelukkig kan dit op groter skaal nogal 'n duur spulletjie wees, maar op kleiner skaal kan ons wel bietjies-bietjies spaar deur buiteligte te installeer wat met sonkrag werk. Daar is baie goeie ligte in hierdie kategorie.

'n Mens sien oral in die land en in die wêreld deesdae die massiewe windturbines wat krag in grootmaat verskaf. Windkrag is egter nie so algemeen soos sonkrag vir huishoudelike gebruik nie, maar dit kan seker ook ingespan word.

Baie (heeltetal te min!) mense herwin. Baie munisipaliteite voorsien deurskynende sakke sodat skoon, herwinbare materiaal daarin gelaat kan word, wat weer deur die munisipaliteit of ander maatskappye opgelaa en verwerk word. So word baie verpakkingsmateriaal en ander stowwe gehersirkuleer. Hierdie praktyk om te herwin, is nie net goed vir die aarde en mense se gesondheid nie, dit voorsien ook aan talle **'n inkomste**.

Mense sien soms neer op die "asdromkrappers", maar hulle is 'n baie belangrike skakel in die herwinningsketting. Hierdie mense herwin meestal maar op klein skaal, maar daar is groot maatskappye wat tonne en tonne herwinde materiaal aankoop, verwerk en hergebruik.

'n Tyd gelede was veral die Kaap se gemeenskappe in rep en roer oor Dag Zero – die dag wanneer daar niks drinkwater meer beskikbaar sou wees vir ons nie. Daar is dele van die land wat steeds gebuk gaan onder hartverskeurende droogte. Ons het egter geleer om beter met hierdie lewensonderhoudende bron om te gaan. 'n Mens kan byvoorbeeld 'n grasperk lewend hou deur wasgoedwater daarop te laat uitloop – al sê party mense dis nie goed nie. As daar NIKS water is nie, gebruik jy die bietjie wat jy wel het. Ons het geleer



**Klik op die foto van die muur hieronder om uit te vind wat gebeur hier en om nóg meer inligting te kry oor projekte.**  
(Foto vanaf [www.unicorncafe.co.za](http://www.unicorncafe.co.za))

om die laaste bietjie water in 'n bottel of glas nie sommer net in die wasbak uit te gooi as jy vars water wil inskink nie, maar om dit eerder op die plante te gebruik. So doen jy jou klein deeltjie **ter wille van die welsyn van die aarde** en sy bewoners.

Daar word miljoene der miljoene – nee: BILJOENE der BILJOENE – woorde geskryf oor hierdie onderwerp, maar in hierdie artikel wou ek aanvanklik net oor een tema geskryf het: **Ekostene (Ecobricks)**. 'n Mens hoor dat jy dít of dát kan herwin, maar wat dan van die ander goed wat níe herwin kan word nie? Waarheen gaan ons daarmee? As dit nie herwin kan word nie, gaan dit seker ook maar net op die vullishope beland en uiteindelik die omgewing en die lug besoedel. Dis waar, tensy jy ekostene maak! Ek praat hier natuurlik hoofsaaklik van verpakkingsmateriaal en so aan – nie van elektroniese toerusting wat gespesialiseerde herwinning verg nie.

Ekostene is interessante goed. Dit is meestal 'n tweeliter-koeldrankbottel (nie 2,5 liter of 2,25 liter nie) wat tjokvol gestop word met materiaal soos sellofaan, skyfiepakkies, lekkergoedpapiertjies, swart polistireen, kassierstrokie, kleefplastiek en enigiets anders wat andersins nie maklik herwinbaar is nie. (Selfs kougom is een van die probleme – stop dus gerus jou klaargekoude kougom saam met al die ander items in die ekosteen!) Die doppie word toegedraai en die gevulde bottel word dan gebruik as boumateriaal vir allerhande dinge – ook huise!

Op [The Good Things Guy](http://TheGoodThingsGuy.com) se webblad word onder andere berig oor die Endangered Wildlife Trust wat besig is om 'n skool te bou met plastiekbottels. Hulle het ook die publiek se hulp ingeroep met die projek om ekostene te maak en in te handig om te help om die skool te bou. *Ons hoop ook dat die projek bewusmaking sal kweek oor hoeveel plastiek elkeen van ons daaglik gebruik, om mense aan te moedig om minder plastiek te gebruik en om bestaande plastiek te gebruik om 'n beter toekoms te skep.*

Om 'n goeie ekosteen te maak, is die algemene reël dat die steen dig genoeg moet wees. Die geheim is om die volume van die bottel te vermenigvuldig met 0,35, wat dan is hoe swaar die bottel moet wees. 'n Tweeliterbottel moet byvoorbeeld omtrent 700 gram weeg.

lets wat ek geleer het, is dat 'n mens so ver moontlik eers die sagter materiaal soos kleefplastiek in die bottel moet prop en later die harder items soos skyfiepakkies en swart polistireen. Dis makliker om die sagter materiaal onder vas te druk.

Nog 'n wenk is om materiaal in 'n rolletjie te draai of druk, omdat dit dan makliker in die bottel se nek sal pas.

Daar is nog soveel wat 'n mens hieroor kan sê, daarom verwys ons lesers graag na die internet vir meer inligting. Kyk gerus by [www.ecobricks.org](http://www.ecobricks.org) en [www.gobrik.com](http://www.gobrik.com). Laasgenoemde is 'n gemeenskapsblad waar mense die stene wat hulle gemaak het, kan aanteken en kan sien hoeveel plastiek hulle uit die vullishope en oseane weghou, en dus hoeveel verskil hulle maak. Dit is werklik bevredigend om al die gemors so te kan hergebruik. Probeer dit gerus!



# *Tooi Turkoois*





# Tooi Turkoois

Ds Lilian Erasmus

Wys jy gee om

**Tooi Turkoois  
vir Bejaardes**

15 Mei - 15 Junie  
[www.goturquoise.co.za](http://www.goturquoise.co.za)



**Aanlyn eredienste, ZOOM-vergaderings, WhatsApp-Bybelstudies... Só het die kerklike landskap oornag verander. Hierdie veranderings is deur baie positief beleef, maar tog het iets verlore gegaan: persoonlike kontak!**

Hierdie verlies aan persoonlike kontak word veral onder ons bejaarde lidmate intens gevoel. Om hierdie en ander faktore wat 'n impak op bejaardes gehad het te bespreek, word 'n webinar beplan vir 22 April met die tema *Emosionele impak van Covid-19 op bejaardes*. Meer inligting sal binnekort beskikbaar wees – bemark asseblief hierdie geleentheid onder die diakens en ander belangstellendes.

15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand – *Tooi Turkoois* – wanneer gefokus word op bejaarde persone en hul behoeftes. Ook hierdie veldtog lyk vanjaar anders. Alles gebeur aanlyn of op gemeentevlak. Ons wil graag videogrepe versprei om die fokus te plaas op hoe bejaarde lidmate steeds in hierdie vreemde tye aktief besig is om uit te reik na ander. Gemeentes word uitgenooi om op die volgende maniere betrokke te raak:

- Begin met 'n aksie **deur** bejaardes **vir** bejaardes: brei, hekel, maak lappies, verleen enige vorm van hulp. Interessante items kan gemaak word, soos kombesies, vroetelvoorskote, vroetelmoue, vroetelhandskoene en vroetellêers. Deel dit uit aan bejaardes of instansies in nood, in jul omgewing.
- Versier steeds die kerk en omgewing met turkoois linte, lappe, plakkate, ensovoorts.
- Loods 'n gemeenteaksie, kompetisie of fondsinsameling.
- Alle gemeentes word vriendelik versoek om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy.
- Wees kreatief met jul uitreik na bejaardes wat veral in die huidige omstandighede dalk afgesonder en alleen voel.

## **DOEN JOU DING! Saterdag 15 Mei!**

Ons sien uit na die kreatiewe inisiatiewe wat uit gemeentes gaan kom! Tydens die Tooi Turkoois-veldtog beplan ons om kort videogrepe te versprei op verskeie mediakanale. Indien die deelnemers gemaklik is daarmee, stuur asseblief vir my kort WhatsApp-video's van die aksies waarmee jul lidmate besig is.

[Lilian Erasmus](#), Voorsitter Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082



# *Tot aan die einde en verder*

---





# Tot aan die einde en verder

Ds Erika Ferreira

**In Matteus 27: 57-61 lees ons dat Maria Magdalena en die ander Maria by die graf bly sit nadat Josef, die ryk man van Arimatea wat ook 'n Jesus-volgeling was, met Pilatus se toestemming Jesus se liggaam ontvang, versorg en in die graf geplaas het.**

Dit is vir my besonders hoe hierdie volgelinge van Jesus Hom stilweg, doelgerig gevolg het op sy lydenstog tot uiteindelik by die graf – anders as die ander dissipels wat bang is, weghardloop of Jesus ontken. En hoe hulle daar bly sit. Wat het deur hul koppe gedraai? Wou hulle so naby moontlik aan Jesus bly? Wou hulle sy graf oppas en dophou om seker te maak dat niemand iets onderduims kom doen nie? Het hulle ten spyte van alles wat hulle aan die kruis gesien het, steeds aanhou hoop?

In Matteus 28 lees ons dat dit die vrou is wat vroeg die oggend by die graf is en heel eerste sien dat Jesus nie meer daar is nie. Dat dit hulle is wat heel eerste die boodskap ontvang dat Jesus opgestaan het. Dit is aan hulle dat Jesus heel eerste verskyn. Dit is hulle wat heel eerste die opdrag kry om vir ander te gaan vertel: Die Verlosser lééf! Hul hartseer en verlies verander in vreugde en verwondering oor die Opgestane Heer. Dit is Hy alleen wat lewe gee, en dit so op verrassende maniere en op onwaarskynlike plekke doen.

Mag ons ook soos daardie vrou by die graf teenwoordig wees, saam loop, sien, omgee, hoop – en bowenal vertel en getuig van ons Verlosser wat lééf en ons saam met Hom. Mag God se lewende Gees dan ook in ons lewens werk om dooie situasies, hartseer, hopeloosheid en seer te verander en om te keer. Mag ons lewens nou hier in hierdie Opstandingstyd gevul word met die vreugde en verwondering wat Jesus Christus ons gee.







*Here Jesus, u graf en u kruis was nie die laaste woord oor U nie.  
Dankie dat die donkerte van ons ellende  
ook nooit die laaste woord oor ons is nie,  
omdat U uit liefde vir ons gesterf het, én opgestaan het!  
U weet dat die lewe 'n manier het om ons te breek,  
sodat ons nooit weer dieselfde kan wees nie.  
Maar dankie, Here Jesus, dat U in staat en gewillig is  
om óf ons situasie óf onself só te verander  
dat ons bokant die donkerte en verdriet kan uitkom.  
Wel met die merktekens van die kruis aan ons,  
maar tog ook met iets  
van die heerlikheid van u opstandingslewe  
in ons.  
Amen.  
(Willie Jonker)*

Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Lilian Erasmus, ds Erika Ferreira

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf [www.Pixabay.com](http://www.Pixabay.com) tensy anders vermeld. Ander grafika van [www.flaticon.com](http://www.flaticon.com)  
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na [admin@nhsv.org.za](mailto:admin@nhsv.org.za)

 <a href="http://www.nhsv.org.za">www.nhsv.org.za</a>	 Posbus 111, Worcester 6849	 <a href="mailto:diechristelikevrou@gmail.com">diechristelikevrou@gmail.com</a>
 <a href="https://www.instagram.com/diechristelike">diechristelike</a>	 <a href="https://www.youtube.com/ChristelikeVrou">Christelike Vrou</a>	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.